AgEcon SEARCH
RESEARCH IN AGRICULTURAL & APPLIED ECONOMICS

The World's Largest Open Access Agricultural & Applied Economics Digital Library

This document is discoverable and free to researchers across the globe due to the work of AgEcon Search.

Help ensure our sustainability.

Give to AgEcon Search

AgEcon Search
http://ageconsearch.umn.edu
aesearch@umn.edu

*Papers downloaded from **AgEcon Search** may be used for non-commercial purposes and personal study only. No other use, including posting to another Internet site, is permitted without permission from the copyright owner (not AgEcon Search), or as allowed under the provisions of Fair Use, U.S. Copyright Act, Title 17 U.S.C.*

FAKTORE WAT DIE BEVORDERING VAN ONDERNEMERSKAP IN DIE SWART LANDBOU STREM

GCR Venter
Departement Landbou-ontwikkeling, Dohne

N Vink
Sentrum vir Beleidsontleding, Ontwikkelingsbank, Halfweghuis

MF Viljoen
Departement Landbou-ekonomie, Universiteit van Oranje Vrystaat, Bloemfontein

Abstract
Factors which restrict the promotion of entrepreneurship in black agriculture

Agricultural stagnation in the homelands can be ascribed to political, social, economic and technical factors. Apart from the problem of limited access to opportunities, black commercial farmers also experience managerial problems in certain functional areas which can effect their decision-making. The aim of the paper is to identify the individual environmental constraints that could effect the farming enterprise and agricultural development. A stratified randomized sample of 30 black commercial farmers in Lebowa was included in a questionaire survey. The following important constraints were identified: farmers age and low educational level; lack of managerial abilities in certain functional areas; the traditional land occupation system; small size of land holdings; shortage of irrigation water and labour; and insufficient credit and marketing facilities.

Uittreksel

Landboustagnasie in die tuislande kan aan politieke, sosiale, ekonomiese en tegniese faktore toegeskryf word. Kommersiële swart boere ondervind behalwe die probleem van beperkte toegang tot geleenthede, ook probleme in sekere bestuursfunksionele areas wat hul besluitneming kan beïnvloed. Die doel van die referaat is om is om die individuele omgewingsbeperkings wat op een of ander wyse die boerderyonderneming en landbou-ontwikkeling kan strem, te identifiseer. 'n Gestratifiseerde ewekansige steekproef van dertig swart kommersiële boere in Lebowa is in 'n vraelysopname ingesluit. Die volgende belangrike beperkings is geïdentifiseer: hoë ouderdom en lae onderwyspeil van boere; gebrekkige bestuursvermoë in sekere funksionele areas; die tradisionele grondbesitstelsel; te klein boerderypersele; tekort aan besproeiingswater en arbeid; en onvoldoende krediet en bemarkingsfasiliteite.

1. Inleiding

Die landbou se bydrae tot die verhoging van die welvaart in die tuislande was tot op hede teleurstellend en word steeds gekenmerk deur 'n oorwegende tradisionele bestaanskarakter (Kleinhans & Lyne, 1984). Tot tyd en wyl groter getalle van die bestaanspeilprodusente na kommersiële boerdery oorskakel, sal die vereiste bydrae uitbly (De Villiers, 1988).

Van Rooyen *et al* (1987) is van mening dat kleinboere in die tradisionele landbou arm bly omdat die tegnologiese en ekonomiese geleenthede vir die boere beperk is. Indien hierdie beperkings opgehef sou word, sal die kleinboere oor die algemeen beter daartoe in staat wees om beter te presteer. Ongelyke toegang tot bestaande landbouhulpprogramme en grondbesit vorm die belangrikste strukturele ongelykhede waardeur landbou reeds vir jare gekenmerk word en beklemtoon die dualiteit van die Suid-Afrikaanse landbou. Die doel met die referaat is om die omgewingsbeperkings wat op een of ander wyse die boerderyonderneming en landbou-ontwikkeling strem, te identifiseer.

2. Metode

Ten einde die voornoemde beperkings te identifiseer, is 'n gestratifiseerde ewekansige steekproef van dertig swart kommersiële boere in Lebowa in 'n vraelys opname ingesluit.

Die volgende kriteria is gestel waaraan 'n boer moes voldoen om by die steekproef ingesluit te word. Eerstens is slegs nie-projekboere oorweeg. Die rede hiervoor is die feit dat projekboere nie as kommersiële boere beskou kan word nie, aangesien hulle op onekonomiese (± 1,2 ha) eenhede gevestig is. Boere is ook nie altyd ten volle by die besluitnemingsproses betrokke nie en word baie besluite, byvoorbeeld wanneer om te plant, te oes, ensovoorts, deur persone wat die projekte bestuur, geneem.

Tweedens is slegs boere wat hoofsaaklik by gewasproduksie betrokke is, vir insluiting oorweeg. Die rede hiervoor is die feit dat die meeste boere wat vee besit, gesien moet word as vee-eienaars, eerder as kommersiële veeboere.

Derdens, vanuit 'n ekonomiese gesigshoek, is die mees belangrikste norm vir sukses (van die kommersiële boer) die netto boerderyinkomste per hektaar. Omdat ekonomiese data van kleinboere nie geredelik beskikbaar is nie, is die volgende verdere kriteria gebruik om die boere te selekteer, naamlik, boere moes:

- ten minste vier hektaar kontantgewasse onder besproeiing verbou;

Tabel 1: Die vorms van grondbesetting deur die boere in die ondersoekgroep, 1991

Tipe grondbesetting	N	%
Stam- en trustgrond	23	76,7
Stam en om 'n deel boerdery	5	16,7
Privaat eiendomsreg	2	6,6
Totaal	30	100,0

- van moderne boerderytegnieke, soos meganisasie, kunsmis, ensovoorts, gebruik maak; en
- kommersieel georiënteerd wees.

3. Empiriese resultate

Volgens die bevindings van die studie gedoen deur Venter (1992) kan die relatiewe sukses van hierdie klein persentasie kommersiële boere in Lebowa hoofsaaklik aan hul entrepreneurseienskappe toegeskryf word. Ten spyte van beperkte toegang tot veral ekonomiese en tegnologiese geleenthede, asook grondbesit, het die boere daarin geslaag om die nodige hulpbronne te verkry om kommersiële ondernemings op die been te bring.

Ten spyte van die "sukses" van die boere, is daar faktore wat landbou-ontwikkeling en besluitneming van boere beperk.

3.1 Persoonlike beperkings

Die boer se ouderdom, gesondheid en formele opleiding kan 'n beperkende faktor wees wanneer dit by die aanvaarding van nuwe tegnologie kom. Die gemiddelde ouderdom van die boere was 47 jaar en die meeste boere, naamlik 63,3 persent val in die 41 - 60 jaar ouderdomsgroep. Heelwat boere (16,7%) het geen formele skoolopleiding ontvang nie. Indien die voltooiing van ten minste standerd drie as die basiese vereiste vir geletterdheid beskou kan word (Nicholson, 1989), dan is 66,7 persent van die ondersoekgroep geletterd.

Met die ondersoek is gevind dat die jonger boere se onderwyspeil hoër as die van die ouer boere is. Die mortaliteit van lewende hawe is ook hoër by die ouer boere ($p = 0.001$). Die kalfpersentasie was ook hoër by boere met 'n hoër onderwyspeil, terwyl die mortaliteit van beeste en skape laer was ($p = 0.001$).

'n Aantal bestuursprobleem-areas is tydens die studie geïdentifiseer. Beplanning as bestuursfunksie word deur die meeste boere verwaarloos (63,3%). Die meeste boere het nie 'n duidelike doel waarna hulle strewe nie. Hulle (66,7%) maak nie van die mees basiese bestuurstegnieke soos begrotings as hulpmiddel by beplanning gebruik nie en weet gevolglik nie wat hul finansiële benodigdhede vir die komende seisoen gaan wees nie.

Die beheerfunksie word nie behoorlik deur die boere uitgevoer nie. Beheer word bemoeilik as gevolg van die boere se onvermoë om hul planne te formuleer en kostes (33,3%) in detail te bereken.

3.2 Grondbesit

Die verskillende vorms van grondbesetting deur die boere word in Tabel 1 aangedui. Opnameresultate het getoon dat al die boere met die huidige tradisionele grondbesettingstelsel ontevrede is. Bykans al die boere het privaat eiendomsreg van grond voorgestaan omdat dit veral meer sekuriteit aan hul kapitale beleggings sal verleen. Die meerderheid boere (79%) beskik egter nie oor voldoende fondse om grond regstreeks aan te koop nie, maar is bereid om die geld by 'n formele instansie vir die doel te leen.

3.3 Fisiese beperkings

'n Probleem wat baie nou verwant is aan die grondbesettingstelsel, is die grootte van individuele persele. Plaasgrootte per se het egter min betekenis indien dit nie binne die konteks van die gemeenskapsnorme, die vrugbaarheid van die grond, die doeltreffendheid van die infrastruktuur, die beskikbare dienste, die intensiteit van grondgebruik, bevolkingsdruk, die grondbesitstelsel, die beskikbaarheid van kapitaal, ensovoorts, beskou word nie (Arnon, 1987:509).

Die gemiddelde grootte van die grond waaroor die boere in die ondersoekgroep beskik, is 10,9 hektaar. Die oorgrote meerderheid (90%) van die boere het aangedui dat hulle addisionele grond om verskeie redes benodig (tabel 2).

Tweedens is die beskikbaarheid van voldoende goeie kwaliteit water as een van die vereistes vir volgehoue produksie deur die boere beklemtoon. Heelwat boere (27%) het gemeld dat 'n tekort aan besproeiingswater 'n beperking op hul gewasproduksie plaas.

Vervolgens is ook bevind dat heelwat boere (43%) veral met spitsperiodes, arbeidstekorte ondervind. Onvermoë van boere om kompeterende lone te betaal (20%), asook mense wat "sku of te lui is om te werk (13,4%), is die belangrikste redes vir die arbeidstekorte wat ondervind word.

3.4 Finansiële beperkings

Ten spyte van pogings deur die openbare sektor en private instansies, het die oorgrote meerderheid van die swart kleinboere in Suid-Afrika nog nie toegang tot formele krediet nie. Daar is bevind dat onvoldoende sekuriteit deur boere gesien word as 'n belangrike beperking tot hul toegang tot formele krediet. Van die boere (27%) wat wel van krediet vir landboudoeleindes gebruik gemaak het, het 38 persent dit by 'n formele bron (bemarkingsagent) en 62 persent dit by 'n informele bron (vriende en familie) verkry.

Die meeste kleinboere sal egter nie daarin slaag om hul produksie aansienlik te verhoog sonder die gebruik van een of ander vorm van krediet nie. Nagenoeg 73 persent van die boere sien dan ook 'n tekort aan produksiekapitaal as 'n beperking vir verhoogde gewasproduksie. Verskeie redes is aangevoer waarom hulle finansiële probleme ondervind (tabel 3).

Tabel 2: Uiteensetting van redes volgens ondersoekgroep waarom boere meer grond wil hê, 1991

Rede	N	%
Vir beter wisselbouprakytke	19	63,4
Grond te klein om winsgewend te wees	6	20,0
Veeproduksie	1	3,3
Diversifikasie	1	3,3
Benodig nie ekstra grond nie	3	10,0
Totaal	30	100,0

Tabel 3: Belangrikste redes waarom die boere finansiële probleme ondervind, 1991

Rede	N	%
Kan nie lening bekom nie	10	33,3
Plaas genereer nie genoeg geld nie	6	20,0
Gewasskade veroorsaak deur hael	1	3,3
Gebrek aan kennis en bestuur	1	3,3
Grootskaalse uitgawes	2	6,7
Geld benut vir aparte besigheid	2	6,7
Produktepryse te laag	1	3,3
N.v.t - beskik oor voldoende fondse	7	23,4
Totaal	30	100,0

Tabel 4: Uiteensetting van belangrikste bemarkingsprobleme wat ondersoekgroep ondervind, 1991

Probleemkategorie	N	%
Markte is te vêr vanaf persele	3	10,0
Vervoerprobleme vanaf persele	8	26,7
Tekort aan kapitaal	1	3,3
Tekort aan massalewering	2	6,7
Wisselende markpryse	4	13,3
Geen beheer oor plek en tyd van aflewering	1	3,3
Geen bemarkingsprobleme	11	36,7
Totaal	30	100,0

3.5 Bemarking

Verskeie boere (23,3%) ondervind probleme om hul produkte te bemark weens 'n tekort aan markte. Die produk wat die meeste hierdeur geraak word, is tamaties en die boere het op verskeie wyses met die onverkoopte produkte gehandel, naamlik: die tamaties weggegooi (28,6%); dit vir die diere gevoer (28,6%); verniet aan mense weggegee (14,3%); in die lande gelaat en ingeploeg (14,3%); en het hul pryse drasties verlaag vir die plaaslike mark (14,3%).

Boere bemark hul tamaties hoofsaaklik op die varsproduktemarkte in die stedelike gebiede. Gewasse word met behulp van vervoerkontrakteurs oor lang afstande na die markte vervoer. Teen die voordeel dat kontrakteurs boere binne bereik van die stedelike varsproduktemarkte plaas, hou dit ook sekere nadele vir boere in. Boere het byvoorbeeld nie 'n keuse oor presies waar produkte bemark word nie en ontvang daarom soms laer pryse as wat hy self sou kon bekom by die mark van sy keuse.

Algemene probleme wat boere ten opsigte van die bemarking van gewasprodukte ondervind, word kortliks in Tabel 4 toegelig.

4. Gevolgtrekkings

Die landbousektor in Suid-Afrika is in 'n proses van verandering gewikkel en hopelik sal die veranderings daartoe bydra dat alle boere (kommersiële boere, deeltydse boere, kleinboere, ens.) in die nabye toekoms deur dieselfde bedieningstruktuur bedien word. Die resultate van hierdie studie bevestig dan ook die behoefte vir so 'n verandering. Die landbouprobleme wat in Lebowa ondervind word, is tipies aan die wat in minder ontwikkelde gebiede in Afrika, veral Suider-Afrika, ondervind word. Alhoewel die artikel konsentreer op 'n spesifieke groep boere, kan die aanname gemaak word dat hierdie probleme tot 'n meerdere of mindere mate algemeen deur opkomende swart boere in ander dele van die land ondervind word.

4.1 Voorligting en opleiding

In die studie is gewys op die algemene lae onderwyspeil van die boere terwyl boere met nuwe tegnologie gekonfronteer word. Dit is gevolglik belangrik dat hulle opleiding en voorligting sal ontvang wat hul vaardighede, kennis en tegniese bekwaamhede sal verhoog ten einde met veranderings tred te hou. Die doelstelling van opleiding en voorligting behoort te wees om die bestuursvaardighede van die boere in 'n verskeidenheid van bestuursfunksionele areas, veral op die terrein van finansiële bestuur en beheer, te ontwikkel.

4.2 Krediet

Die beskikbaarheid van krediet aan hierdie boere is noodsaaklik ten einde hulle in staat te stel om hul boerderye tot volle potensiaal te ontwikkel. Die geleentheid vir swart boere om na die opheffing van die Grond Wette ook tot die mark vir landbougrond toe te tree, het 'n verdere behoefte na krediet vir die aankoop van grond daar gestel. Weens die feit dat die meeste kleinboere nie aan die vereistes van die formele finansiële instellings vir die toestaan van lenings voldoen nie, behoort hierdie instellings hul benadering ten opsigte van bediening van die kleinboersektor in heroorweging te neem. Finansiële instellings sal onder andere moet afsien van die standaard kollateraal vereistes, veral in die geval van swart kommersiële boere.

4.3 Bemarking

Uit die studie is dit duidelik dat die landbou-ondersteuningsaktiwiteite ten opsigte van die voorsiening van landbou-insette en bemarkingsdienste onvoldoende is en dringende aandag behoort te geniet. Veral die vervoer van gewasse vanaf plase na vervoerkontrakteurs verskaf die grootste probleme. Alhoewel vervoerkontrakteurs beskikbaar is, hou die groot afstand tussen Lebowa en die belangrike mark in die PWV-gebied 'n ongunstige mededingende pryseffek vir die swart kleinboere in.

4.4 Toegang tot en verkryging van grond

Die tradisionele stelsel van grondbesetting moet as 'n beperking op landbou-ontwikkeling en besluitneming gesien word. Hoewel die stelsel 'n vorm van sosiale sekuriteit voorsien (wanneer genoeg grond beskikbaar is) en ten minste 'n minimum lewensbestaan aan elke familie in die stam verseker, is dit 'n belemmering vir die vooruitstrewende kleinboer wat graag sy boerderyaktiwiteite wil uitbrei: die boer kan nie grond koop nie (in tuislande) en wanneer meer stamgrond aan die boer toegeken word, gee dit aanleiding tot afguns, wat die boere se produksievermoë kan beperk.

Een oplossing vir die probleem is privaat eiendomsreg van grond wat deur die oorgrote meerderheid boere in die ondersoekgroep voorgestaan word. Die verkryging van privaat eiendomsreg van grond in die tuislande moet egter oor die langtermyn beskou word hoofsaaklik weens die feit dat die meeste van die grond onopgemeet is en dit lank sal neem om dit op te meet.

Wat grond buite die tuislande betref, beteken dit dat die boere weens 'n gebrek aan kapitaal, nie in staat is om landbougrond regstreeks aan te koop nie. Ten spyte van hulle gewilligheid om geld by formele instellings te leen, is dit twyfelagtig of hulle aan die meeste van die vereistes vir leningaansoeke gaan voldoen.

Behalwe privaat eiendomsreg van grond, bestaan daar ook verskeie vorms van huurooreenkomste waarvan om 'n deel boerdery die vernaamste is. Daar word voorsien dat hierdie tipe ooreenkomste ook in die toekoms 'n belangrike rol in die toegang tot grond gaan speel.

Verwysings

ARNON, I. (1987). Modernization of agriculture in developing countries. Resources, potensials and problems. 2nd ed. New York: John Wiley & Sons.

DE VILLIERS, A. (1988). Agricultural development in the homelands of South Africa within a free market economy: The case of Lebowa. Paper delivered at annual conference of the Agricultural Economic Association of South Africa.

KLEYNHANS, T E en LYNE, M C. (1984). Faktore wat tegnologie - aanvaarding in die Amaci gebied in Kwazulu benadeel: Riglyne by beleidsformulering. Agrekon, Vol 3, No 2:20-25.

NICHOLSON, C A. (1988). Characteristics of a group of small-scale farmers in Gazankulu: An exploratory study. Unpublished M.Sc. Agric (Inst. Agrar.) thesis. University of Fort Hare, Alice.

VAN ROOYEN, C J, VINK, N & CHRISTODOULOU, N T. (1987). Access to the agricultural market for small farmers in South Africa: The farmer support programme. Development Southern Africa. Vol 4, No 2:207-223.

VENTER, GCR. (1992). Die verkryging en bestuur van hulpbronne deur swart kommersiële boere, asook hul gesindhede ten opsigte van grondhervorming: 'n Verkennende studie in Lebowa. Ongepubliseerde M.Sc. Agric verhandeling. Universiteit van die Oranje Vrystaat, Bloemfontein.

Summary

The aim of the paper is to identify the individual environmental constraints that could effect the farming enterprise and agricultural development. A stratified randomized sample of 30 black commercial farmers in Lebowa was included in a questionaire survey. According to the findings of the study the relative success of the small percentage of commercial farmers in Lebowa could be ascribed to their entrepreneurial characteristics. Regardless of restricted access to economical and technological opportunities and land ownership, farmers succeeded in obtaining the necessary resources to establish commercial enterprises.

In spite of the farmers success, factors exist which restrict agricultural development and decision making. Firstly, findings have shown that planning and control as managerial functions were neglected by the farmers. Secondly, results of the study have shown that the farmers educational level was relatively low, especially if the high demands that farming as a business enterprise places on them is considered. Thirdly, the importance of sufficient high quality water was emphasized as one of the requirements for sustainable production. Fourthly it was found that a considerable number of farmers were experiencing labour shortages especially at peak periods. The inability of farmers to pay competitive wages, as well as people who are to lazy to work are the most important reasons why labour shortages are experienced. Fifthly, it was found that adequate collateral needed to apply for formal credit was seen as a major restriction by farmers. Sixthly a shortage of markets appears to be a major contributory factor to the farmers marketing problems. Agricultural support activities with regard to agricultural inputs and marketing services should receive urgent attention. Lastly, it was found that all farmers were dissatisfied with the traditional land occupation system. Nearly all the farmers were in favour of private ownership of land due to the fact that it offers more security for capital investment.

In addition to private ownership of land, various forms of tenancy agreements exists, with sharecropping being the most prominent. It is foreseen that this type of agreement will play an important role in obtaining land in the future.